## Lesing 8 - 20 November 2021 - Selfs die slegste en boosste sondaar besit die Goddelike vonk van Elohim se Liefde

### Die Nuwe Openbaring van Johannes - Boek 4
### JAKOB LORBER

**Hoofstuk 57:[6] (Zorel)** Ek sê vir jou: In elke doudruppel, hoe helder dit ook al tril aan die punt van `n grasspriet, sien ek soos in `n see reeds **miriades van wesens** wat in alle rigtings rondswerm! Die water van die druppel is slegs `n eerste en algemene omhulling van `n gedagte van God. Daaruit haal die gesies wat daarin gevange is, hulle afsonderlike omhulling en dan bestaan hulle reeds dadelik in `n ietwat meer bepaalde vorm, wat al sterk afwyk van die algemene uiterlike vorm. Daardeur verdwyn die druppel as waterpêrel, en die vorms wat hulleself daarin nuutgevorm het tot larfies wat reeds lewe besit, kruip dan oor die plante of ander dinge waaraan die waterdruppel haar gevorm het. Daar gaan hierdie larfies, deurdat hulle hulleself verenig, weldra oor in `n ander vorm, en honderd-duisende vorm daardie één. `n Nuwe omhulsel word rondom die nuwe vorm gevorm, daarin word die talle kleinere vorme deur die invloed van lig en warmte tot `n doelmatige organisme van die nuwe en groter vorm getransformeer. Die nuwe wese wat so ontstaan, begin hom daarna opnuut voor te berei vir `n volgende oorgang na `n meer volmaakte vorm, waarin dit weer aksie gaan onderneem vir `n nog hoër en `n nog meer volmaakte vorm. En so is die besigwees van elke wese wat reeds in `n bepaalde vorm opgeneem is, kennelik niks anders nie as `n goeie **voorbereiding vir `n hoër en meer volmaakte vorm om die sielelewe steeds meer te stabiliseer en uiteindelik in die menslike vorm van die suiwer geestelike lewe oor te kan gaan.**

[9] Ek sal nou vir `n halfuur weer gaan slaap, waarna jy my moet wek deur jou hande teengesteld op my te lê. Maar laat my as ek weer wakker word, nie gaan voordat ek die Mens der mense aan hierdie tafel volkome herken het nie! Want Hy is één met Hom, wat ek nou nog sien in die son van die ewige groot geesteswêreld.

[10] Ook bedank ek jou nog vir die oplegging van jou hande!"

***Oordeel nie!***

**HFS 58:1** Na hierdie woorde slaap Zorel weer rustig en Zinka sê: "Nee, hoe baie het hierdie man nie nou aan ons geopenbaar nie! As dit alles werklik waar is, het ons dinge gehoor waarvan geen profeet waarskynlik ooit gedroom het nie! Nee, ek is diep onder die indruk van die groot wysheid van hierdie man! Waarlik! Geen engel kan so `n groot wysheid besit nie!"

[2] Ook Cyrenius sê: "Ja, dié man moet gehelp word, want soveel buitengewone wonderbaarlike sake uit U goddelike orde is hier nog nie vroeër onthul nie! Die onthullings van Mathael was groot en bring my tot diepe nadenke, maar wat hierdie Zorel nou alles onthul het, is ongehoord! Dit is skaars te glo en haas nie denkbaar dat sulke diep innerlike wyshede hulle nog in menslike woorde laat neem en hulle vervolgens in helder taal verstaanbaar laat beskryf nie! Kortom, ek is heeltemal buite myself deur hierdie Zorel! As hy dit hierna, wanneer hy liggaamlik weer ontwaak het, ook sou kon vertel, o, dan sou ek hom op `n troon plaas om van daar af die mense die groot waarheid te predik, sodat hulle almal met meer sekerheid die ware en volmaakte bestemming van hulle bestaan en lewe sou bereik!"

[3] Ek (**JaHshua**) sê: "Baie goed, vriend Cyrenius! Voorlopig is dit minder belangrik wat hy in sy derde stadium geprofeteer het - hoewel dit sonder meer waar is - **as dat julle in die vervolg geen mens sal veroordeel vanweë sy siek siel nie.** Want julle het nou almal gehoor en ondervind dat ook in `n hóé siek siel `n volkome gesonde lewenskiem rus. **As dié siel deur julle broederlike inspanning gesond gemaak kan word, het julle iets gewen wat geen enkele wêreld ooit vir julle kan betaal nie!** Van hoeveel nut kan so `n volmaakte mens daarna wees! Wie kan die draagwydte daarvan meet?! Julle mense weet dit nie, maar Ek weet hoe seer dit die moeite loon om dié moeite te doen!

[4] Daarom sê Ek vir julle: '**Wees altyd barmhartig**, ook jeens die groot sondaars en misdadigers teen julle wette en teen die goddelike wette! Want slegs `n siek siel kan `n sonde begaan, `n gesonde beslis nooit nie, omdat `n gesonde siel glad nie tot sondig in staat is nie, **aangesien die sonde altyd net `n gevolg is van `n siek siel.**

[5] Watter mens kan `n siel vanweë `n inbreuk op een van My gebooie bereg en straf, terwyl die mense tog almal onder dieselfde wet val? `n Wet van My bestaan juis daarin dat jy niemand sal veroordeel nie! As julle jul naaste wat teen My wette gesondig het, veroordeel, sondig julle self tog net so erg teen My wet! **Want hoe kan julle, wat self sondaars is, `n ander sondaar bereg en verdoem?!** Weet julle dan nie dat, wanneer julle jul sielsieke broer veroordeel het tot `n harde straf, julle daarmee tewens vir julleself `n **dubbele veroordeling** uitgespreek het wat eers in die hiernamaals, of na gelang van die omstandighede ook reeds hier, voltrek gaan word nie?!

[6] As een van julle `n sondaar is, moet hy sy amp as regter neerlê, want as hy oordeel, roep hy `n dubbele oordeel oor homself af, waaruit hy hom moeiliker sal kan bevry as die een wat hy bereg en verdoem het. Kan `n blinde ooit `n ander lei of hom die regte pad wys?! Of kan `n dowe `n ander dowe iets vertel oor die effek van die harmonieë in die musiek soos wat dit die suiwerste beoefen was deur Dawid? Of kan die een lamme vir die ander sê: 'Kom hier, ongelukkige, ek sal

jou na die herberg bring!'? Sal beide nie gou-gou gly en in `n put val nie?!

[7] **Onthou dit dus veral dat julle niemand veroordeel nie, en druk dit ook aan almal op die hart wat eendag julle leerlinge sal word! Want by die navolging van My leer sal julle engele uit mense kweek - by die nie-navolging van My leer egter duiwels en regters oor julleself.**

[8] Weliswaar is niemand op hierdie wêreld heeltemal volmaak nie, maar die meer volmaakter in verstand en hart moet **leier wees en geneesheer** vir hulle siek broers en susters. Slegs wie self sterk is, moet die swakkes dra, anders gaan hy tesame met die swakke ten gronde en sal hulle albei nie weer kan opstaan nie!

[9] Om julle dit almal terdeë, juis en waaragtig te laat insien, het Ek nou met hierdie Zorel `n duidelike voorbeeld gegee. Laat dit daardeur goed tot julle deurdring hoe erg en hoe foutief dit is om `n misdadiger op julle wyse te bereg! Wel sal julle manier van regspraak altyd `n wêreldse eienskap bly en die harde, diamantkop van die draak van die tirannie sal gewis nooit heeltemal vermorsel word nie, want die aarde is nou eenmaal juis daarom `n proefwêreld vir My wordende kinders. By julle moet dit egter nie so bly nie, want te midde van julle strooi die hemele vrugte wat ryk van sade voorsien is.

[10] As julle nou eet van die vrugte van My inspanning, vergeet dan nie om die saadkorrels wat daaruit val, so ryklik moontlik in die harte van julle broers en susters te strooi nie, sodat dit daarin sal ontkiem en `n ryke en gesonde, nuwe vrug mag dra! Hoe daar uit saadkorrels wat in die in die hart gesaai word `n nuwe, wonderbare vrug verwek word, het Zorel julle bykans tot in besonderheid helder en duidelik getoon. Handel daarvolgens, dan sal julle uit julleself reeds lewe laat ontkiem en juis daardeur self die ewige lewe in al die volmaaktheid ontvang wat nou aan julle bekend is! **Dit is met hierdie handopleggingstoneel vir julle ter lering en navolging gedemonstreer.**

***Oor die behandeling van misdadigers; die doodstraf en haar werking.***

**GJE Boek 1:81:[2] (JaHshua spreek:)** Wie het jou dan vertel dat mens egte misdadigers, wat erger is as al die wilde diere, **nie moet gevange neem en in versekerde bewaring moet hou nie**? Inteendeel, egte naasteliefde **gebied** jou dit; want net so sekerlik weet jy dat wanneer `n hiëna `n mens aanval, die dier met `n skerp wapen gedood moet word, net so sekerlik word `n eerlike mens te hulp gekom as hy buite op straat of in sy huis deur `n roofmoordenaar aangeval word.

[3] Omdat sulke menslike hiënas egter, as hulle baie vermeerder, nie slegs vir eensame wandelaars nie, maar uiteindelik ook vir hele gemeenskappe gevaarlik kan word, is dit selfs `n **noodsaaklike plig** van die maghebbende owerheid om jag te maak op sulke gevaarlike mense en **hulle in kerkers op te sluit**.

[4] Maar die doodstraf mag slegs oor diegene uitgespreek word by wie gedurende **`n periode van tien jaar** elke middel om op enige wyse sy lewe te verbeter, sonder gevolge bly. As die misdadiger op die galg beterskap belowe, dan moet mens hom nog `n jaar bygee! As daar in daardie tyd egter geen beterskap plaasgevind het nie, dan **moet die doodstraf voltrek word;** want van beterskap by so `n mens op aarde is dan niks meer te verwagte nie en dit is beter om hom van hierdie aarde af te verwyder!

[5] As die regmatige maghebbende owerheid egter met die toestemming van die volk so `n welverdiende doodstraf wil verander in `n lewenslange gevangenisstraf, en verder wil gaan met haar pogings om die misdadiger te verbeter, dan staan dit hulle vry, en Ek sal hulle daarvoor nooit tot verantwoording roep nie.

[6] Sulke vyande van die mense wat volgens My leer lewe, **het na hulle dood geen mag om hulleself te wreek nie.** Dit kan slegs bewerk word deur die geeste wat behoort aan mense wat die goeie doen op hierdie wêreld, maar nie deur tiranniese, uitermate hoogmoedige, self- en heerssugtige en derhalwe ook totaal onregmatige heersers wat op die gruwelikste wyse gedood was nie!

[7] As onmenslike regters hulleself deur sulke onregverdige vonnisse vyande maak, sal die geeste van hierdie vyande hulleself op die onregverdige regters wreek, **want hulle het van My toestemming om hulleself te wreek**; maar die werklik deur en deur bose geeste mag dit nooit doen nie - nou glo Ek dat jy geen verdere twyfel sal hê nie!”